

26 Desember

Skrifgedeelte: Lukas 15:1-7  
Fokusgedeelte: NGB, Art 37

### **Christus se terugkoms – die getal van die uitverkorenes is vol**

Daar is mense wat sê dat getalle onbelangrik is in die koninkryk van God. “Dit gaan oor kwaliteit, nie oor kwantiteit nie,” troos menige dominee homself Sondagaand as hy weer die Gideonsbende voor hom in die kerk sien sit.

Ons Skrifgedeelte skets 'n ander prentjie. Hoe het die persoon in ons gelykenis geweet daar is 'n skaap weg? Hy moes hulle tel! Hy moes tot 99 tel, en dít twee of drie keer, want so gaan dit mos: jy wonder of jy die eerste en die tweede keer nie 'n fout gemaak het nie. Têl het die man oortuig: Hier kort 'n skaap, en hy gaan soek en soek, totdat hy dit kry.

Waarom vertel Jesus hierdie gelykenis? Gaan dit oor skape? Nee! Dit gaan oor mense! Wie is die Persoon wat so bekommerd is oor een verlore mens? Is dit nie God self nie? Voorwaar, God, wat getalle uitvind en getalmatig geskep het KAN TEL, en Hy weet presies hoeveel mense Hy uitgekies het om aan Hom te behoort. Hy weet ook watter skape al in die kraal is en watter dwaal nog rond.

'n Kerk wat in die skemering van Christus se terugkoms lewe moet 'n kerk wees wat SOEK en TEL. Dit gaan nie oor die getalle self nie, want die volle getal is immers onbekend. Dit gaan ook nie daaroor dat krag in getalle lê nie. Nee, dit gaan oor BLYDSKAP (vers 6-7). 'n Kerk wat tel is vol blydskap oor elkeen wat teruggevind word, wat bykom deur evangelisasie, troue of geboorte. Só beweeg ons al soekende en tellende van blydskap tot blydskap. Hou daarmee aan tot die aardse en hemelse blydskap in een oorweldigende gejuig verenig!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*